

# Matt 25:31-46 Leef jy in styl?

I

My vrou was haar lewe lank 'n musikonderwyser, en my oudste kind Matildie is 'n dosent in musiekwetenskap. Op 'n keer gesels hulle oor die vraag: Hoe leer jy iemand om harmonie te doen? Julle weet, dis nou om iemand te leer om te weet watter akkoorde jy waar moet gebruik, hoe skryf jy 'n tweede stem by as jy die wysie het, ens.

Nouja, wat in die skool gebeur, is dat die kinders 'n stel reëls geleer word oor watter harmoniese progressie om waar te gebruik, en so aan. (As jy nou niks verstaan van wat ek sê nie, moet jy jou nie ontstel nie, want dis nie so belangrik nie. Ek verstaan ook nie veel van dié soort goed nie.) Maar, sê my vrou, dié stel reëls wat hulle vir die kinders leer, is op sy beste 'n probleem, want musiek is 'n té komplekse sisteem om met 'n paar reëls te werk. Toe sê Matildie - en dis al wat julle van dié storie hoef te verstaan - jy kan nie goeie musiek met behulp van reëls skryf nie. Reëls help jou net 'n entjie. Op die ou end moet jy die styl waarin jy werk, assimileer. Jy moet baie na musiek luister en verstaan hoe Bach, bv, met harmonie en akkoorde werk, want dít help jou om goeie musiek te skryf.

Tot sover my musiekstorie. As ons na ons teksgedeelte kyk, lyk dit vir my, is dieselfde beginsel op ons lewe voor die Here van toepassing. Wat Jesus hier sê oor die laaste oordeel en oor waarna Hy sal kyk as Hy weer kom om die skape en die bokke te skei, is dit: Hy gaan nie kyk of jy al die reëls goed nagekom het nie (want dit was hoe die Fariseërs oor godsdiens gedink het; hulle het letterlik honderde reëls gemaak om jou te help om God tevrede te hou). Jesus kyk nie of jy die reëls nakom nie; Hy kyk of jy die styl van Christen-wees geassimileer het. Om dit in ander woorde te stel: Hy kyk of jy soos Hy geword het en soos Hy na ander mense kyk en teenoor ander mense optree.

Jy sien, Christen-wees is nie bloot die nakom van 'n klomp reëls nie (hoewel reëls natuurlik nuttige riglyne vir ons is; daarom lees ons elke Sondag die wet van die Here). Christen-wees is 'n leefwyse; die navolg van 'n Persoon. En in die navolg van Jesus, in die leef soos Hy, en in die dink en praat en doen soos Hy, reik jy as 't ware vanself na ander uit, nie omdat die wet sê jy moet nie, maar omdat dit is hoe jy is, omdat dit die styl is waarvolgens jy leef. Dís hoekom die verlostes so verbaas

is as Jesus hulle aanprys oor wat hulle gedoen het, want hulle het nie gemeen hulle doen 'n klomp goed om in die hemel te kom toe hulle ander wat swaarkry, gehelp het nie. Hulle het eenvoudig geleef soos gelowiges, soos Jesus.

Die ander het nie dié styl deel van hulle lewens gemaak nie, en op die ou end het hulle nie eers agtergekom dat hulle verby mense wat hulle nodig het, geleef het nie. Dit help jou nie te veel om te vra of dít sonde is en of jy maar dát mag doen nie. Paulus skryf in Kolos 2:23 oor so 'n soort godsdiens: Hierdie leerstellings het wel 'n skyn van wysheid met hulle selfgemaakte godsdiens, danige nederigheid en streng beheersing van die liggaam, maar dit het geen waarde vir die beteuelling van die sondige drifte nie.

Nee, om Jesus te volg, om een van sy skape te wees, vra dat jy soos Hy sal word, soos Hy sal dink en doen, soos Hy na ander sal kyk.

## II

Ons kan ook op 'n ander manier na hierdie gelykenis kyk; met die vraag: Waar soek jy na God in hierdie wêreld? Waar kry jy Hom?

- Party mense sal vir jou sê: In die kerk. En dit is waar. Waar twee of drie in My Naam saam is, daar is Ek by hulle, het die Here Jesus mos self gesê in Matt 18:16.
- Daar is party mense wat vir jou sê hulle voel naby God in die natuur. En dit is óók waar.
- Ons het natuurlik die Here Jesus vanoggend ook in 'n paar druppeltjies water ontmoet. Die doopwater wys op Jesus se bloed waarmee Hy ons gereinig het. Ons ontmoet Hom in die tekens van sy gebrokenheid, van sy sterwe om ons te verlos. Dís hoe Jesus lyk, liewe gemeente! Gebroke, stukkend, vir mense, vir ons, vir die wêreld. Dís die styl van ons Koning en Here, Jesus van Nasaret! Dís die styl waarin ek en jy moet leer om te lewe.
- Daarom is dit dalk vir ons verrassend, maar as ons mooi daaroor dink, tog nie verbasend nie, dat Jesus in ons gelese gedeelte sê ons ontmoet Hom in die hongeriges, in dié wat dors is, in die vreemdelinge, in die mense in vodde geklee en in die siekes. As jy met hulle besig is, is jy met Jesus besig! Wat jy vir hulle doen, doen jy aan Jesus!

Wat kan ons die wêreld bied? Hoe kan ons hier in Petrusburg 'n verskil maak? Nie deur mense 'n klomp godsdienstige reëls en wette te leer nie. Nie met 'n klomp moets en moenies nie. Met Jesus. Met 'n hart vol liefde soos Jesus s'n. Dit verseker Ek julle: Vir sover julle dit aan een van die geringste van hierdie broers

van My gedoen het, het julle dit aan My gedoen.

III

Wat sê die Koning van die konings vir mense wat só leef, wat sý styl geassimileer het? Kom, julle wat deur my Vader geseën is! Die koninkryk is van die skepping van die wêreld af vir julle voorberei. Neem dit as erfenis in besit ...

Mag ek en jy die styl van ons Koning, Jesus Christus, assimileer!

---

## **Huis in orde kry**

“Don’t put it down. Put it away,” hoor ek my ma vanoggend weer in my gedagtes toe ek in my deurmekaar studeerkamer instap. Sy het dit dikwels gesê toe ek nog in die huis was. Pleks ek beter geluister het ...

Nog ’n ding wat my ma ook gesê het, is dat dit goed was dat sy en Pa elke ses jaar of so moes trek, want dit het gehelp dat hulle elke paar jaar gedwing was om van al die onnodige opgegaarde goed ontslae moes raak. En toe, ná meer as 27 jaar in dieselfde huis, moes ons trek. Ek wil nie meer dink aan al die rommel wat weggery en weggegooi is nie. Daar is nou nog, meer as ’n halfjaar later, bokse vol boeke wat in my studeerkamer staan.

## **Ai, die klotter ...**

Ons weet almal dat ’n mens jou goed minder behoort te maak, ontslae moet raak van die klotter, maar ai, dis makliker gesê as gedaan. Ek is nie ’n ou wat maklik iets weggooi nie, en buitendien beteken dit jy moet tyd maak om dit te doen. Daar was ongelukkig nie (soos vir die arm skoenmaker) elfies wat, toe ek een mooi dag wakker word, die huis vir ons netjies en aan die kant gemaak het nie. Ek moes dit self doen. Ek moes elke onnodige boek en tydskrif, elke ekstra skroef en kartondoos vat en uitgooi. En al die ornamente wat eens op ’n tyd vir ons mooi was, maar later net in die pad gestaan het.

Ek het ’n idee dit gaan in die kerk in die breë, en in party gemeentes, ook so.

Ongemerkt het ons ons gemeentelike lewe al voller gemaak. Gemeentes se kalenders is volgeprop met programme en fondsinsamelings en aktiwiteite. Almal is lekker besig, en glo dis wat dit beteken om kerk te wees. Die talle programme en seminare en projekte is nie nonsens nie. Maar ongemerk het ons die primêre fokus op Christus verloor.

## **Geestelike rommel**

Waaroor gaan die debat in die kerk tans? Oor die gays en gender-kwessies, nie oor navolging van ons Here nie. Nie oor die krisis dat talle lidmate (en predikante!) nie meer by die Bybel as hoogste gesag leef nie, en dit nie meer lees en ken nie. Die rommel in die kerk is besig om ons te verswelg, en dit lyk my nie ons besef dit nie. Tot op 'n dag dat jy effens terug staan en verslae na die kerk kyk en jouself afvra: Is dít die kerk? Hoe op dees aarde het ons hier beland?

Die erediens het 'n skouspel geword: die sang is dikwels nie meer gemeentesang nie, maar 'n musiekbedieningsgroep wat hulle eie ding doen, terwyl die gemeentelede staan en toekyk, oorweldig deur die stroom klank uit groot luidsprekers. Party kerke is lank nie meer kerke nie, maar auditoriums met kolligte en al, waar die kerkbanke met teatersitplekke vervang is, die preekstoel uitgegooi is ten gunste van 'n verhoog vir die "band", en die orrel óf verkoop is, óf in onbruik verval het en stof vergaar. Preke moet ook skouspelagtig wees, "fun and great", soos 'n jong dominee my vertel, en die vermaaklikheidswaarde word verhoog met talle videogrepe en memes.

## **Waar is Jesus?**

Tussen al dié geestelike rommel deur moet lidmate sukkel om iewers tog die pad agter Jesus aan te vind. Ek wonder of Hy nog tuis is in die kerk. Want ek het Hom leer ken as die Messias, sonder prag en praal, sonder fieterjasies, wat op 'n donkie, nie 'n strydros nie, die stad inry vir sy kroning op Golgota; wat die tempel gereinig het van al die rommel wat mense se fokus van God aftrek; wat gesê het (Markus 8:34) as iemand agter Hom aan wil kom, hy homself moet verloën, sy kruis opneem en Hom volg. Ek hoor niks van "fun and great" en besigwees nie. Ek hoor van nederigheid, van wegkyk van jouself, van fokus op Jesus, van saam met Hom Golgota uitbeur.

Dit is baie interessant dat God die kerk wegvoer na die woestyn, na die eenvoud

van gestroop wees van lukses en klatergoud, om haar te beskerm teen die lis van Satan (lees gerus weer Openbaring 12, veral vers 14). En in Amos 5:23,24 sê Hy: "Gee pad voor My met die rumoer van jou gesing; Ek wil nie jou harpmusiek hoor nie! Maar laat die reg en die geregtigheid te voorskyn kom, laat dit aanrol soos watergolwe, soos 'n standhoudende stroom."

Ek dink die kerk is in die moeilikheid, verlei deur sosiale media en die moderne kultuur waar alles om jouself draai en om jou plesier. Die rommel (gemors?) is besig om ons te verswelg.

---

## **Luk 19:28-40 Wat maak jy met Jesus?**

Kyk, alles wat Jesus gedoen het, het Hy met 'n doel gedoen. So, toe Jesus daardie dag vir twee van sy dissipels stuur om vir Hom 'n donkie te gaan haal waarop Hy die stad kon inry, was dit ook nie somer net nie. Dit was nie omdat Hy skielik te moeg was om self die stad in te stap nie. Nee, dit was om daarmee iets te sê van wie Hy is.

Terloops, Jesus ry op 'n jong donkie wat nog nooit iemand op sy rug gedra het nie, net soos Hy later dié week in 'n nuwe, ongebruikte graf neergelê is. Lukas gee vir ons dié besonderhede, want Hy wil hê ons moet raaksien dat ons hier met 'n koning te make het. 'n Koning gebruik nie tweedehandse ware nie; ander se oorskiet nie. Daarom ry Jesus op 'n jong donkie die stad in, om iets te sê van wie Hy is.

Jesus se volgelinge het dit goed verstaan. Daarom stap hulle nie maar net met Hom saam die stad in nie. Hulle trek hulle klere uit en gooi dit op die donkie vir 'n saal, en gooi dit voor Hom op die pad om te sê dat hulle hulleself voor Hom

neerlê. Hulle begin lofliedere sing om Hom te prys, met woorde wat dit duidelik maak dat hulle verstaan dat Hy die Koning is, die beloofde Messias: “Loof die Koning, Hy wat in die Naam van die Here kom!” sing hulle jubelend, en swaai palmtakke rond.

Die toneel van ’n belangrike persoon wat die stad met ’n prosesie ingery kom, was vir die mense van destyds natuurlik nie vreemd nie, soos ook nie vir ons vandag nie. Nou die dag nog kon ons vir pres Ramaphosa in daardie snaakse voertuig van hom sien, met die opening van die parlement. En koningin Elizabeth ry gereeld in haar koets. Konings en generaals het dit destyds ook gedoen, dikwels met ’n klomp van hulle onderworpe onderdane en slawe agter hulle aan, om te wys hoe belangrik hulle is. Net: ’n koning of ’n groot generaal sou nie op ’n donkie gery het nie. Hulle sou op die blinkste strydros gesit het, spoggerig getooi vir die okkasie.

Die kontras met Jesus se rydier is daarom baie opmerklik. Hy sit op ’n donkie. Matteus het die verband met Sagaria 9:9 vir ons uitgelig: “Jubel, Sion! Juig, Jerusalem! Jou koning sal na jou toe kom. Hy is regverdig en hy is ’n oorwinnaar, hy is nederig en hy ry op ’n donkie ...”

Nie op ’n oorlogsperd nie, maar op ’n donkie. Want Jesus kom nie Jerusalem binne as krygsheer nie. Hy kom as die lydende kneg van die Here, die Een wat minder as ’n week later wéér op ’n heuwel buite die stad sou wees, maar hierdie keer nie op ’n donkie se rug nie. Hierdie keer aan ’n kruis vasgespyker. En voor hom uit sou daar dan nie ’n jubelende skare volgelinge wees nie, maar ’n uitjouende skare vervolgers.

Lukas teken hier vir ons ’n prentjie van wat gebeur het met Jesus se intog in die stad, want hy wil hê ons moet onself ook daar na die Olyfberg verplaas. Hy vra as ’t ware vandag vir ons: by watter groep mense skaar jy jou? Waar lê jou hart? Watter soort volgeling van Jesus is jy? Is jy een van dié wat jou klere voor Jesus neersit? Wat jubelend saam met Hom op pad is?

Daar is nog mense, behalwe Jesus en sy volgelinge, in die toneel wat Lukas vir ons teken. Dis die *eienaars van die donkie*, wat hulle eiendom gewillig en met vreugde tot Jesus se beskikking stel.

En dan is daar ook ’n aantal *Fariseërs*. Hulle jubel nie saam nie. Hulle is bekommerd oor wat hulle sien. Die Skrifverklaarders sê dit is moontlik dat hierdie

Fariseërs nie teen Jesus gekant was nie. Hulle was ook volgelingen, maar hulle is bang vir die reaksie van die owerhede op die skare se gejubel. Netnou hoor die Romeinse owerhede dit, en dan vertolk hulle dit as 'n opstand. So, maak liever die mense stil, Jesus, voor daar moeilikheid kom. Ons wil nie probleme hê nie. Bly uit die moeilikheid, ter wille van die vrede. Dis mense wat aan Jesus wou voorskryf wat en hoe Hy behoort op te tree, en wat aanvaarbaar is en wat nie.

Vandag hoor 'n mens nog sulke stemme. Ons moet onthou dat ons nie die enigste mense in die land is nie, sê hulle. Daar is ook Moslems, en Hindoes, en ateïste en so, en ons moenie iets doen wat hulle dalk kan aanstoot gee nie. Daarom, los liever die godsdiensoefening by die saalbyeenkomste, of die Bybelklasse op skool. En moenie aandring op Christelike feesdae op die nasionale kalender nie. Moenie 'n vergadering met gebed open nie, want nie almal glo soos jy nie.

Dan is daar nog die *omstanders* ook. Hulle neem nie deel aan die optog nie. Hulle maak nie beswaar nie. Hulle doen niks. Hulle kyk net, asof Jesus en sy saak nie juis belangrik is nie. Of miskien moet hulle nog besluit hoe hulle oor Hom voel.

Ek het 'n idee dít is die mense wat 'n paar dae later saam geskreeu het: “Kruisig Hom! Kruisig Hom!” Want Jesus se aansprake het hulle ongemaklik gemaak. Jesus se woorde en daade het hulle gedwing om te kies waar hulle met Hom staan, en hulle wou nie kies nie. Dit was makliker om Hom uit die weg te ruim, dan is hulle probleem opgelos.

Waar staan jy vandag? Dís die vraag wat ons in die Lydenstyd opnuut vir onself, en teenoor die Here, moet antwoord. My eerste reaksie op dié vraag was: Maar natuurlik is ek deel van die volgelingen van Jesus, wat met opgewondenheid juigend agter Hom aanstap. En ek glo dit is julle reaksie ook vanoggend. Natuurlik is Jesus ons Koning. Natuurlik volg ons Hom juigend, jubelend.

Maar wag net gou. Was Petrus nie een van dié wat Jesus met oorgawe gevolg het nie? Wat op 'n keer voortvarend gesê het hy sal by Jesus staan, al verlaat álmal Hom? En Judas Iskariot was óók daar om takke te swaai!

Jy sien, dis maklik om hier in die kerk te sê: “Ja, Here, ek volg U!” Maar Jesus se pad loop soms anders as wat óns sou kies. Hy lei nie altyd soos ons dink reg is nie. Hy maak nie noodwendig soos ons wil hê Hy moet nie. Dis die moeilikheid met Jesus, as julle my sal verskoon dat ek dit so stel: Hy is sy eie baas. Hy volg sy eie kop. Ons het Hom net nooit in die sakkie nie. Daarom maak Hy nie die skare stil

ter wille van die vrede nie. Daarom gaan Hy die stad in en dop die tempelplein om. En stap Hy ses dae later met 'n kruis op sy rug uit die stad uit.

As ons Hom wil volg, het dit implikasies vir ons hele lewe. Het dit implikasies vir die manier waarop ons in ons huise met ons dierbares saamleef. Het dit implikasies vir die manier waarop ek my werk doen, my sake doen, my werknemers behandel, en my kollegas en my seniors. Dit het implikasies vir hoe ek betrokke is in die koninkryk. Dit vra dat ek die stang vasbyt en nie wegstrem van die eise van die evangelie nie, dat ek offers moet bring, offers van tyd en moeite en energie en geld. As ons Hom wil volg, gaan dit ons kos.

Lydenstyd keer ons voor, want dit gaan oor lyding: Jesus se lyding vir ons, maar ook ons navolging op sy pad. Ons staan vandag aan die vooraand van Groot Lydensweek. Gaan ons opnuut kies om Hom te volg, al weet ons dit gaan ons kos? Dís die vraag wat ek en jy in die komende week voor Goeie Vrydag moet antwoord.

---

## Versoekings

Dis mos iets waaraan ons almal blootgestel is: versoekings. As die duiwel kans gesien het om Jesus te versoek ([Matteus 4:1-11](#)) moet ons weet ons gaan ook deurloop. Dis nou as jy dit nog nie talle kere aan jou eie bas gevoel het nie. Die ding is net, die versoekings is nie altyd so maklik herkenbaar nie. Dikwels is dit so subtiel dat jy dit glad nie herken as 'n versoeking nie. Want Satan kom nie altyd na ons in die gedaante van 'n brullende leeu nie (vgl. [1 Petrus 5:8](#)), want dan was dit makliker om die gevaar te sien. Soms verskyn hy subtiel, soos 'n engel van die lig, skryf Paulus in [2 Korintiërs 11:14](#), en kan jy jou selfs verbeel hy is jou vriend wat jou belange op die hart dra.

Dis wat hy met Jesus gedoen het in die woestyn. Jesus is honger ná veertig dae se vas, en Satan kom ewe besorg na Hom en stel voor dat Hy vir Hom brood uit die klippe moet maak. "Jy kan nie so honger aangaan nie, man. Jy het jou kragte



nodig. Jou liggaam het kos nodig. Jy het nou lank genoeg jousef gepynig; dink vir 'n slaggie aan jousef ook!" Só fluister Satan in Jesus se oor. En: "Jy moet jou nie so bekommer oor dinge soos seerkry nie, wat. God sal jou bewaar. Dit staan dan as 'n belofte in die Bybel."

## **Satan gebruik ook die Bybel**

Ja, die duiwel ken ook die Bybel, en gebruik dit baie subtiel om ons van God af weg te kry en met onself te laat besig hou. Want solank ons met onself besig is, is ons vir God en sy wêreld niks werd nie. Dít was sy strategie met Jesus - laat Jesus op Homself fokus: sý honger, sý beskerming, sý aansien onder mense. Solank Hy daarmee besig is, is Hy skadeloos.

Satan doen dit vandag nog met ons. Hy gebruik selfs die Bybel, soos hy dit teenoor Jesus gebruik het. Hy fluister in ons oor, en gaandeweg word die Bybel 'n beloftekissie vol teksverse wat vertel hoe God vir ons sorg en bewaar, wat God vir ons kan en wil beteken. En die hele tyd bly ons met onself besig, vra ons wat die Bybel ons bied om ons te troos en te bemoedig en te versterk.

Darrell Guder skryf hieroor: "It is possible to hear the gospel primarily in terms of what God's grace does for me, or for you. It is possible to take the Bible seriously, persuaded that it is primarily about one's personal salvation. It is possible to preach the Bible in such a way that the needs of persons are met but the formation of the whole community for its witness in the world is not emphasized."

***Jy kan Bybel lees sonder om ooit by die vraag uit te kom: "Wat verwag God van my?", omdat jy te besig is met die vraag: "Wat kan ek van God verwag?"***

Dít, dink ek, is vir ons as gelowiges 'n wesenlike versoeking. Want dan dink ons in ons Christenskap oor die hemel en geloofsekerheid (wat natuurlik belangrik is), maar ons kom nie by die belangriker vraag uit nie, naamlik: Hoe volg ek Jesus na in die wêreld? Dalk is dit 'n vraag wat ek en jy behoort te oordink?

---

# Kan 'n moerbeiboom dan vlieg?

In Lukas 17:6 sê die Here dat, as ons maar geloof so groot soos 'n mosterdsaadjie gehad het, sou geen moerbeiboom bly staan het nie ... Of so klink dit in elk geval by die vinnig lees.

'n Mens kan hierdie uitspraak van Jesus na twee kante toe verstaan.

Die een kant is natuurlik die geloof-kant. Die punt wat Jesus dan maak, is dat dit nie ons groot geloof is wat die ding doen nie, maar God, vir Wie niks onmoontlik is nie. Die fokus moet dus nie op my en my (gebrek aan) geloof wees nie, maar op God en sy almag. Ek vind dit nogal erg vertroostend.

Daar is ook 'n ander kant van dié woorde van Jesus. Ons moet raaksien dat Hy hier ([Luk. 17:1-10](#)) praat met sy dissipels oor die plig om te vergewe, tot sewe keer op 'n dag (vers 4). As ek sien hoe sukkel mense soms om te vergewe, is dit nie vreemd dat die dissipels vir meer geloof vra nie. Dis asof hulle sê hulle sukkel met dié een, maar as hulle net meer geloof gehad het, was dit 'n ander saak. Dis dán dat die Here van die moerbeiboom praat wat sal vlieg. Dit lyk my Hy wil vir die dissipels (en vir ons) sê hulle het die kat aan die stert beet. Hulle wag vir een of ander soort wonderwerk van Bo wat hulle in staat moet stel om ander te kan vergewe, maar 'n mens het nie meer geloof nodig om ander te vergewe nie. Hy vra immers nie van ons om moerbeibome in die see te gaan plant nie. Hy vra van ons om mekaar te vergewe, en daarvoor het jy maar net gehoorsaamheid nodig. Vergifnis gaan nie om geloof nie. Dit gaan om gehoorsaamheid. Jesus sê: moenie sit en wag dat iets bo-natuurliks, iets wonderliks met jou gebeur sodat jy in vrede met ander kan leef nie. Rol jou moue op en begin net.

Daarom vertel Hy (vers 7-10) die gelykenis van die slaaf wat die hele dag hard gewerk het in die lande. Dan, as sy taak buite klaar is en hy inkom huis toe, moet hy nog die ete ook voorberei. Dit vra nie groot geloof om dit te kan doen nie, sê Jesus. Dit vra maar net gewilligheid. Dis deel van sy werk as slaaf.

Net so, sê Jesus, is vergifnis deel van kind-van-God-wees. Ons moenie vir 'n wonderwerk van Bo wag voordat ons na mekaar uitreik nie. Ons moet dit doodeenvoudig net doen, want dis hoe die Here Jesus ons voorgeleef het. Hy het tog eerste na ons uitgereik en ons vergewe. As ons nou só teenoor mekaar leef, doen ons niks besonders nie. Dis deel van Christen-wees, en klaar.

'n Groot deel van ons navolging van Jesus is nie soseer 'n saak van groot geloof nie. Dis doodeenvoudig 'n saak van gehoorsaamheid en gewilligheid. Daarom moet ons ons nie verknies omdat ons nie geloofsreuse soos Abraham of Elia of Andrew Murray of Billy Graham is nie. Ek en jy kan ook.

### **Lukas 17:1-10**

**17** Jesus het vir sy dissipels gesê: “Dit is onvermydelik dat daar dinge kom wat mense laat struikel. Maar ellende wag vir die mens wat die oorsaak daarvan is.

<sup>2</sup>So 'n mens kan eerder met 'n groot klip aan die nek in die see gegooi word as dat hy vir een van hierdie kleintjies 'n struikelblok word. <sup>3</sup>Wees dus self op julle hoede.

“As jou broer verkeerd optree, berispe hom; en as hy berou kry, vergewe hom.

<sup>4</sup>Selfs as hy sewe maal op 'n dag verkeerd optree teen jou en sewe maal na jou toe terugkom en sê: ‘Ek is jammer,’ moet jy hom vergewe.”

<sup>5</sup>Die apostels sê toe vir die Here: “Gee ons meer geloof.”

<sup>6</sup>Maar die Here antwoord: “As julle maar geloof so groot soos 'n mosterdsaadjie gehad het, sou julle vir hierdie moerbeiboom kon sê: ‘Trek jou met wortels en al uit die grond uit en plant jouself in die see,’ en hy sou julle gehoorsaam.

<sup>7</sup>“Sê nou een van julle het 'n slaaf wat ploeg of vee oppas. Sal hy vir die slaaf sê as hy van die veld af inkom: ‘Kom eet eers gou?’ <sup>8</sup>Natuurlik nie! Maar hy sal vir hom sê: ‘Maak vir my iets klaar vir aandete. Sit dan jou voorskoot aan en kom bedien my terwyl ek eet en drink. Daarna kan jy self eet en drink.’<sup>9</sup>’n Slaaf wat sy opdrag uitgevoer het, word mos nie bedank nie, of hoe? <sup>10</sup>So is dit ook met julle: as julle alles gedoen het wat aan julle opgedra is, sê dan: Ons is slawe wat niks verdien nie. Ons het gedoen wat ons verplig was om te doen.”